

EXAMINATIONS AND ASSESSMENT CHIEF DIRECTORATE

Home of Examinations and Assessment, Zone 6, Zwelitsha, 5600
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA, Website: www.ecdoe.gov.za


2018 NSC CHIEF MARKER'S REPORT

SUBJECT:	Afrikaans FAL
PAPER:	
DURATION OF PAPER:	
DATES OF MARKING:	

SECTION 1: (General overview of Learner Performance in the question paper as a whole)

Kandidate het hierdie jaar swakker gevaaar as verlede jaar. Die gemiddelde slaagpersentasie vir hierdie jaar is 72.3%.

Die steekproef vir vir 100 skrifte is as volg:



Onderwysers moet die uitleg van die vraestel asook die instruksies baie duidelik uitle. Gebruik die September-eksamen as 'n riglyn sodat die kandidate die korrekte vraagkeuses sal kan maak. Die nasienriglyne moet ook verduidelik word, sodat kandidate nie onnodig punte verloor nie. Let veral op die volgende:

1. As 'n kandidaat in Afdeling A en B meer as een vraag beantwoord het, word net die eerste vraag per afdeling nagesien en 'n streep word deur die tweede vraag getrek.
2. Indien net twee vrae in een afdeling beantwoord is, word slegs die eerste vraag nagesien.

3. As 'n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.
4. As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die memorandum nagesien.
5. As 'n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word die antwoord as verkeerd beskou. As die spelling nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word die antwoord as korrek beskou.
6. By aanhalings word spelfoute en leestekenfoute nie gepenaliseer nie, maar woordorde moet korrek wees.
7. As 'n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar 'n vraag dit vereis nie, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.
8. By oop vrae verdien die rede/motivering die punt. Geen punt word toegeken vir "Ja/Nee/Ek stem saam/Ek stem nie saam nie". Kandidate moet aangemoedig word om wel eers die primêre vraag te beantwoord voor 'n motivering gegee word.
9. Oorskryffoute is onaanvaarbaar en kandidate moet aandag daaraan gee.
10. Slegs vrae wat 'n antwoord vereis se nommers moet neergeskryf word. Bv. indien Vraag 9.1 onderafdelings het (9.1.1 ; 9.1.2) moet 9.1 nie neergeskryf word nie.

Skole moet genres kies wat die maklikste vir hul betrokke leerders is.

Letterkunde moet onderrig word, en nie net gelees word nie!!! Hersiening is ook belangrik en moet nie afgeskeep word nie.

Tegniese aspekte soos strukturelemente (bv. eksposisie, verwikkeling, ens.), verstegniese aspekte moet onderrig word.

Algemene woordeskat en die vaslegging van woordeskat verdien aandag. Moeilike frases, idiome, sêgoed en Engelse woorde moet verklaar word. Woordeskat speel 'n belangrike rol in die vraagstelling en dit is dus belangrik sodat kandidate 'n vraag korrek kan interpreer.

Ironie moet deeglik verduidelik word.

Spelling van die name van karakters en plekke moet dringend aandag kry.

Die fokuspunt van vrae verdien aandag, bv. "Wie....?" of "Waar....?". Dit is veral belangrik waar 'n naam of plek as antwoord vereis word.

Voorspellingsvrae: Onderwysers moet leerders onderrig om 'n duidelike, deeglike, logiese en realistiese voorspelling binne die konteks van die teks te kan maak.

Oefen met kandidate om die fokuspunt in elke vraag te ontleed en uit te ken.

Raadpleeg die KABV-dokument: vlakke van vraagstelling ; sillabus-inhoud.

Wees bewus van die verskille wel bestaan tussen 'n filmweergawe en die teks. Daar moet onthou word dat die teks die primêre bron is.

Elke leerder moet voorsien word van 'n teks / leesboek en 'n gekwalifiseerde onderwyser. Privaat-kandidate moet gereelde kontak met 'n taalonderwyser hê om op die hoogte te wees van die nuutste verwikkelinge.

Gebruik vir toetse en eksamens soortgelyke vrae uit vorige vraestelle en soos wat dit in die KABV-beleid uiteengesit is.

SECTION 2: Comment on candidates' performance in individual questions

(It is expected that a comment will be provided for each question).

QUESTION 1 – Kringe in ‘n Bos – Dalene Matthee

- (a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?

Hierdie vraag is oor die algemeen baie swak beantwoord. Dit wil voorkom asof hierdie boek nie as voorgeskrewe werk deur enige skole behandel is nie. Die kandidate wat hierdie vraag beantwoord het, het dit foutiewelik gedoen en al die vrae in die vraestel probeer beantwoord.

- (b) Why the question was poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.

Die kandidate wat hierdie vraag beantwoord het, het dit foutiewelik gedoen en al die vrae in die vraestel probeer beantwoord.

- (c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning

Kandidate moet aangemoedig word om die korrekte vroegte in die vraestel te beantwoord.

- (d) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.

Kandidate moet aangemoedig word om die korrekte vroegte in die vraestel te beantwoord. Aangesien die eerste genre deur die merker nagesien word, verloor die kandidaat dikwels baie punte.

QUESTION 2 – Die ongelooflike Avonture van Hanna Hoekom – Marita van der Vyver

- (a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?

Hierdie vraag was nie 'n gewilde keuse nie en is redelik swak beantwoord. Dit wil voorkom asof minder skole, indien enige, hierdie boek behandel. Die meeste kandidate wat hierdie vraag beantwoord het, het dit foutiewelik gedoen en al die vrae in die vraestel probeer beantwoord.

- (b) Why the question was poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.

Die kandidate wat hierdie vraag beantwoord het, het dit foutiewelik gedoen en al die vrae in die vraestel probeer beantwoord.

- (c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning

Kandidate moet aangemoedig word om die korrekte vroegte in die vraestel te beantwoord.

- (d) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.

Kandidate moet aangemoedig word om die korrekte vroegte in die vraestel te beantwoord. Aangesien die eerste genre deur die merker nagesien word, verloor die kandidaat dikwels baie punte.

QUESTION 3 – Meeulanders – Esta Steyn

- (a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?

Hierdie vraag is oor die algemeen baie swak beantwoord. Dit wil voorkom asof hierdie boek nie as voorgeskrewe werk deur enige skole behandel is nie. Die kandidate wat hierdie vraag beantwoord het, het dit foutiewelik gedoen en al die vroegte in die vraestel probeer beantwoord.

- (b) Why the question was poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.

Die kandidate wat hierdie vraag gekies het, kan toegeskryf word aan verkeerde keuse of omdat hulle die instruksies verkeerd verstaan het.

(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning

Sentrums moet liefs wegblý van hierdie boek omdat dit 'n ingewikkeld verhaal is.

(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.

Vraag was bloot eenvoudig swak beantwoord.

QUESTION 4 - Lien se Lankstaanskoene – Derick van der Walt

(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?

Kandidate het goed gevaar in die spesifieke vraag. Sommige het bo-gemiddelde punte behaal, ander byna volpunte. Sekere vroeë was redelik maklik bv. waar keuses aan kandidate gebied is, bv. vroeë 4.1.1, 4.6.1 en 4.7. Hierdie mag wees weens die feit dat die kandidate die inhoud goed onder die knie gehad het.

(b) Why the question was poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.

Dit was duidelik dat daar 'n woordeskat-probleem by sekere kandidate voorgekom het, bv. vraag 4.14 waar kandidate gesukkel het om die woord "eerlik" te interpreteer. Die koppelvrae by vraag 4.6.1 en 4.6.2 het ook sommige kandidate benadeel. Indien die eerste deel van die vraag verkeerd beantwoord is, het kandidate ook die punte by die motivering verbeur.

(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning

Onderwysers moet leerders bewus maak van koppelvrae.

"Ja / Nee"-vrae moet ook korrek beantwoord word voor die motivering gegee word.

(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.

Indien daar in die klas na die film gekyk word, moet die verskille tussen die film en die teks duidelik uitgelig word. Dit is belangrik om te onthou dat die teks die primêre bron is.

QUESTION 5 – Poppie – Die Drama – Elsa Joubert en Sandra Kotzé

(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?

Hierdie vraag is baie swak deur kandidate beantwoord.

Die enigste vrae wat kandidate kon beantwoord, is die keusevrae.

Die koppelvrae het kandidate benadeel aangesien die motivering aan 'n korrekte keusevraag gekoppel is. Indien die eerste deel van die vraag verkeerd was, kon die kandidaat ook nie punte vir die tweede deel verwerf nie.

Ook opvallend was die beperkte woordeskataf van die kandidate. Gevolglik het hulle gesukkel om die vraag te verstaan of om hulself op 'n sinvolle wyse uit te druk.

(b) Why the question was poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.

Kandidate het duidelik 'n tekort aan kennis van die inhoud van die drama.

(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning

'n Deeglike kennis van die karakters is noodsaaklik. Leerders moet kennis dra van die rol van elke karakter en die verhoudings wat hulle met mekaar het.

Ook van kardinale belang is die ruimte waarin elke toneel plaasvind asook wie daarby betrokke is.

Dit is belangrik dat leerders onderrig word in die bou van 'n drama asook die struktuurelemente.

- (d) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.

Die geskiedkundige en politieke agtergrond van ons land moet vooraf en deurlopend onderrig word voordat hierdie drama aangebied word. Skole word aangemoedig om eerder een van die ander genres te oorweeg.

QUESTION 6 – Paljas – Chris Barnard

- (a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?

Kandidate het Paljas baie goed beantwoord. Dit was 'n redelike en regverdige vraag.

Probleem-vrae wat wel voorgekom het, was vrae 6.17, 6.18, 6.19 en 6.20.

- (b) Why the question was poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.

'n Gebrek aan doeltreffende woordeskata het baie kandidate benadeel, bv. "voortbou op die herstelde verhoudings" (vraag 6.20).

- (c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning

Dit is belangrik dat leerders onderrig word in die bou van 'n drama asook die strukturelemente.

- (d) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.

Kandidate moet daarvan bewus wees dat die vraestel gebaseer is op die teksinhoud en nie sodanig op die film nie, want daar is duidelike verskille wat voorkom.

QUESTION 7 – Fielo se Kind – Die Drama: Dalene Matthee

- (a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?

Die oorgrote meerderheid kandidate het hierdie vraag beantwoord. Hierdie was 'n uiters uitdagende vraag en het kandidate groot probleme besorg.

Vraag 7.3: Kandidate het gesukkel om 'n vraag as 'n antwoord te bewoerd.

Vraag 7.6: Kandidate het gesukkel om hierdie vraag korrek te interpreteer.

Vraag 7.8: Die begrip "mag" is onbekend aan kandidate.

Vraag 7.9: Kandidate was verward – was onseker na wie "hom" verwys. Kon nie tussen Elias of die sensusman onderskei nie.

Vraag 7.11: Koppelvraag is swak beantwoord. Die koppelvrae het kandidate benadeel aangesien die motivering aan 'n korrekte keusevraag gekoppel is. Indien die eerste deel van die vraag verkeerd was, kon die kandidaat ook nie punte vir die tweede deel verwerf nie.

Vraag 7.12: Kandidate het gesukkel om Fiela se "uithouvermoë" / aanhou te verwoord.

(b) Why the question was poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.

Vrae 7.4 en 7.11: Kandidate is onseker oor koppelvrae en dat die eerste gedeelte van die vraag beïnvloed die totale punte wat behaal kan word.

Vraag 7.6: Kandidate kon nie Barta se skokreaksie motiveer nie.

Vraag 7.7: Kandidate het gesukkel om twee redes te verskaf – kon hoogstens by een rede uitkom.

Vraag 7.8: Kandidate het 'n gebrek aan woordeskat getoon deur "mag" met "maag" te verwissel.

Vraag 7.13: Kandidate het nie besef dat meer as een verwysing na "volstruise" verwag word nie. Die name van die volstruise, Pollie en Skopper, was nie aan die kandidate bekend nie.

Vraag 7.14: Min kandidate het by "Nina" uitgekom.

Vraag 7.17: Nasienriglyne het die idee van "praat" verwag en min kandidate het hierdie woord gebruik.

(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning

Onderwysers moet aandag aan tegniese aspekte gee.

Wees versigtig wanneer die rolprent as visuele hulpmiddel gebruik word. Daar is duidelike verskille tussen die film en die dramateks. Eksamenvrae is gebaseer op die dramateks.

(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.

Kandidate moet let op die fokuspunt van elke vraag ten einde by die korrekte antwoord uit te kom.

QUESTION 8.1 – Vegvlieënier Vivian – Francois Geringer

(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?

Hierdie vraag is oor die algemeen baie swak beantwoord. Die indruk is gekry dat die

kandidate nie behoorlik vir hierdie genre voorberei is nie.

Vraag 8.1.3: Koppelvraag.

Vraag 8.1.8: Kandidate het gesukkel om "tradisionele manswêrld" te interpreteer.

- (b) Why the question was poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.

Vraag 8.1.3: Koppelvraag is swak beantwoord. Die koppelvrae het kandidate benadeel aangesien die motivering aan 'n korrekte keusevraag gekoppel is. Indien die eerste deel van die vraag verkeerd was, kon die kandidaat ook nie punte vir die tweede deel verwerf nie.

- (c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning

Vraag 8.1.9: Kandidate moet geleer word om op die onderwerp van die vraag te fokus, bv begin antwoord met "Hy.....".

Onderwysers moet leerders aanmoedig om kopkaarte en opsommings van die verskillende kortverhale te maak.

- (d) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.

Vrae 8.1.9 en 8.1.10 is 'n goeie gesprekspunt in die klaskamer. Die onderwyser kan moeite doen om die spanning tussen mans en vrouens in die werksplek te bespreek. Vroulike leerders kan aangemoedig word om soos Vivian "buite die boksie" te dink en 'n beroep te volg wat hul passie is en dalk nie tradisioneel as 'n beroep vir vroue gesien word nie.

QUESTION 8.2 – Die ballade van Robbie de Wee – Deon Meyer

- (a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?

Inhoud was nie goed vasgelê weens die lengte van hierdie kortverhaal.

- (b) Why the question was poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.

Vraag 8.2.7: Koppelvraag is swak beantwoord. Die koppelvrae het kandidate benadeel aangesien die motivering aan 'n korrekte keusevraag gekoppel is. Indien die eerste deel van die vraag verkeerd was, kon die kandidaat ook nie punte vir die tweede deel verwerf nie.

- (c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning

Skole met swakker kandidate word aangemoedig om ander genres te kies aangesien dit verwarring kan wees om tussen die verskillende kortverhale te onderskei.

- (d) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.

'n Deeglike kennis van die storielyn, karakters en algemene inhoud is noodsaaklik.

'n Gebrek aan algemene hulpbronne aan onderwysers is opvallend.

QUESTION 9.1 – Die nuwe kind – Pieter Strauss

- (a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?

Oor die algemeen was "Die nuwe kind" redelik goed beantwoord.

Vraag 9.1.6: Kandidate sukkel om te onderskei tussen "aparte" en "opeenvolgende" woorde.

Vraag 9.1.9: Kandidate verwys na "apartheid" in die teenwoordige tyd terwyl dit nie van toepassing is nie. Die woord "buitestander" is ook verwarring met "buitelaander".

- (b) Why the question was poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.

Vraag 9.1.9: Te veel klem word op apartheid gelê en nie op die konsep van "buitestander" nie.

- (c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning

Aandag moet gegee word aan die inhoud en die verstegniese aspekte. Onderwysers moet alle moontlike hulpbronne gebruik sodat daar deeglik voorberei kan word.

- (d) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.

Daar moet gelet word op spesifieke instruksies, bv. "Haal TWEE APARTE WOORDE aan"
(vraag 9.1.6)

QUESTION 9.2 – Tien haikoes vir die Vredefortkoepel – Hans du Plessis

- (a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the

question well answered or poorly answered?

Die kandidate wat Afrikaans magtig is, het hierdie vraag redelik suksesvol beantwoord terwyl die swakker kandidate met hierdie vraag gesukkel het. 'n Algemene opmerking: Hierdie is 'n baie moeilike gedig vir 'n Eerste Addisionele Taal-leerder. Die onderwyser moet dus deeglik voorberei wees vir hierdie gedig.

- (b) Why the question was poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.

Vraag 9.2.4: Vraagstelling was misleidend aangesien daar in die vraag net na Haikoe 1 verwys word.

Vraag 9.2.7: Verwarring i.t.v. die reëlverwysing. Kandidate het gesukkel om net die korrekte metafoor aan te haal – het vanuit die verkeerde reël begin aanhaal.

Vraag 9.2.8: Kandidate ken nie die seisoene nie, gevvolglik het "lente" op "herfs" gevolg.

Vraag 9.2.9: Kandidate volg nie die instruksie van DRIE OOPENVOLGENDE WOORDE nie.

Vraag 9.2.13: Kandidate het gesukkel om vraag uit die oogpunt van die spreker te beantwoord.

- (c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning

Onderwysers moet die kenmerke van 'n haikoe deeglik onderrig.

- (d) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.

Onderwysers word aangemoedig om van visuele bronne gebruik te maak, bv. om aan leerders 'n meteoriet en hoe dit die aarde tref, te wys.